16.13 AANVULLENDE RAPPORT 1 – DEPUTATE EKUMENISITEIT – OWERHEID – CHRISTELIKE PERSPEKTIEF OP MENSEREGTE (Art 103)

A. Ds C Aucamp lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake vir kennisname

1.1 Diskoers in die publieke domein word hoofsaaklik gevoer in terme van die fundamentele regte soos omskryf in die 1996-Grondwet van Suid-Afrika.

1.2 Ten einde sinvolle gesprek te voer met die Owerheid en ander publieke rolspelers is dit dringend noodsaaklik dat die Deputate ‘n Christelik-Reformatoriese perspektief op fundamentele regte moet kan bied.

Besluit: Punte 1.1 en 12 kennis geneem.

2. Sake om oor te besluit

2.1 Die Deputate ontvang ‘n mandaat om ‘n studie te loods oor fundamentele regte vanuit ‘n Christelik-Reformatoriese perspektief.

2.2 Die studie vir goedkeuring aan die volgende Sinode voorgehou word.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 goedgekeur met toevoeging: “Motivering: Dat die Deputate in die uitvoering van sy opdrag met die problematiek te doen kry”.

16.14 AANVULLENDE RAPPORT 2 – DEPUTATE EKUMENISITEIT – OWERHEID – SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR DIE BESKERMING VAN GODSDIENSTIGE REGTE EN VRYHEDE (Artt 104, 251)

A. Ds C Aucamp lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Punt 2.2 word na die Kommissie vir Finansies verwys.
D. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

E. **RAPPORT**

1. Sake om van kennis te neem

1.1 Die Raad het ‘n grondwet goedgekeur en ‘n bestuurskomitee aangewys.
1.2 Prof Pieter Coertzen van die NGK is eenparig as voorsitter aangewys.
1.3 Die res van die komitee bestaan uit verteenwoordigers van verskeie godsdienstige groepe.
1.4 Die komitee sal ook mense van ander groepe wat nog nie verteenwoordig is nie (Moslems, Jode, ens) nader om in te skakel.
1.5 Die komitee het opdrag om die pogings (soos uiteengesit in die notule) om die Handves in die Nasionale Grondwet te inkorporeer, te koördineer.
1.6 Die grondwet bepaal dat alle lede van die raad jaarliks lidmaatskap fooie moet betaal. Die Raad het dit aan die komitee opgedra om die bedrae wat instansies en individue onderskeidelik moet betaal, te bereken.
1.7 Daar is nog nie besluit op die datum en plek van die volgende vergadering nie.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.7 kennis geneem.

2. Sake waaroor besluit word

2.1 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumensiteit Owerheidsake die mandaat om die GKSA op die Raad te verteenwoordig.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Begroot vir lidmaatskapgelde.

Besluit: Verwys na die Kommissie vir Finansies.

Besluit: Die betrokke Deputate moet sodra die inligting vir die begroting beskikbaar is, die begroting by die Bestuur van die Administratiewe Buro indien.

16.15 AANVULLENDE RAPPORT 3 – DEPUTATE EKUMENISITEIT – OWERHEID – SAMEWERKING MET ANDER GODSDIENSTE IN GETUIENIS TEENOOR DIE OWERHEID (Art 105)

A. Ds C Aucamp lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake om van kennis te neem

1.1 Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika maak voorsiening vir die toepassing van die aktiewe plurale opsie in die toepassing van die fundamentele reg van godsdiensvryheid. Hierdie opsie is die teenoorgestelde van die aktiewe sekulêre opsie. Die aktiewe sekulêre opsie gaan uit van die algehele skeiding van kerk en staat wat beteken dat die beoefening van godsdiens op die openbare terrein nie toegelaat word nie. Waar hierdie opsie beoog om alle godsdienste uit die openbare terrein te verwyder, beoog die aktiewe plurale opsie om godsdienste in die openbare terrein te akkommodeer.

1.2 In die aktiewe plurale opsie word ruimte gelaat vir die burgery om ten opsigte van openbare instellings die opsie uit te oefen om godsdiens(te) te akkommodeer. ‘n Voorbeeld hiervan is dat staatskole toegelaat word om met Skriflesing en gebed te open op die voorwaarde dat niemand gedwing word om daar aan deel te neem indien dit teen hulle oortuigings ingaan nie. Hierdie opsie maak die owerheid ook toeganklik vir die getuienis van godsdienstige instellings.

1.3 In die Gereformeerde godsdiens word ‘n hoë premie geplaas op die getuienis van die kerk teenoor die owerheid (KO, art 28) en die taak van die owerheid ten opsigte van die staatsbestuur en die beskerming van die Woordbediening (NGB, art 36). Die GKSA gee praktiese uitvoering hiervan deur middel van die Woordverkondiging en ook deur middel van die Deputate vir gesprek met die Owerheid. Van owerheidsweë word ook geleenthede gereël vir gespreke met en insette van “godsdiensleiers” en kerke in ‘n gesamentlike byeenkoms. Die vraag is in hoe ‘n mate die Deputate hieraan moet meewerk?

1.4 Uitgaande van die oproep in 1 Pet 3:15 sou geoordeel kan word dat die Deputate bereid behoort te wees om ‘n getuienis by sodanige geleenthede te laat uitgaan. Hiervoor behoort egter die volgende voorwaardes te geld:

1.4.1 Alle getuienis moet begrond word in die openbaring van God (NGB, art 2) soos die openbaring duideliker word in die Geskrewe Woord en saamgevat word in die Gereformeerde Belydenis.

1.4.2 Op etiese vlak sou daar ooreenkomste wees tussen verskillende godsdienste (byvoorbeeld oor godsdiensregte in die Grondwet, die beskerming van lewe en die erkenning van die heteroseksuele huwelik as die enigste vorm van huwelik). In hierdie opsig kan die Deputate mbt gemeenskaplike sake saam met mense van ander godsdienste deelneem aan getuienis teenoor die owerheid, met dien verstande dat die unieke begronding van die Christelike etiek nie in die gedrang kom nie.

1.4.3 Die getuienis moet voldoen aan die reëlings ten opsigte van die mandaat van Deputategroepe soos verwoord in KO, art 49.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor besluit word

Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisteit Owerheidsake die mandaat om saam met ander godsdienste oor sake van gemeenskaplike belang getuienis te lewer, met dien verstande dat die unieke begronding van die Christelike etiek nie in gedrang kom nie en sodanige getuienis geskied binne die raamwerk van KO, art 49.

Besluit: Goedgekeur met toevoeging: “Motivering: Dat die Deputate in die uitvoering van sy opdrag met die problematiek te doen kry”.

16.16 RAPPORT 10 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – SUID-AMERIKA (Artt 182, 183, 184)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: ds BCG Fourie (s), dr PJ Buys, dr CJ Smit.

1. Eglisea Reformanda Patagonië (ERP)

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*
Die Deputate kry opdrag om die kontak wat gemaak is verder uit te bou met die oog op die erkenning van ekumeniese bande.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*
Daar kon geen kontak met die kerke gemaak word gedurende die afgelope termyn nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbeveling*
In die lig van die feit dat die volgende IRTI konferensie in Suid Amerika plaasvind en dat daar kontak gemaak is met die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB) word aanbeveel dat die opdrag om kontak te maak en uit te bou gekontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

2. Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB)

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*
Die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49. Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word (vgl Acta, 2009:162).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

2.2.1 Kontak met die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB)
Tydens die Orthodox Presbyterian Church se "General Assembly" in Junie 2011 in Marlyand VSA het die GKSA se afgevaardigde, dr DG Breed, met die afgevaardigde van die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB), met br Solano Portela, kennis gemaak. Uit die gesprek was dit duidelik dat die GKSA en hierdie Presbiteriaanse Kerk in Brasilië veel in gemeen het.

2.2.2 Inligting oor die IPB
Die IPB het in 1859 ontstaan en is 'n behoudende Presbiteriaanse Kerk met meer as 4000 gemeentes, ongeveer 800 000 lidmate en 8 teologiese "seminaries". Die IPB staan in 'n verhouding met die Mackenzie Universiteit (**Universidade Presbiteriana Mackenzie**) in Sao Paulo wat baie ooreenkom met die verhouding wat voorheen bestaan het tussen die GKSA en die PU vir CHO. Die Mackenzie Universiteit het reeds in 1870 ontstaan en het tans tussen 35 000 en 40 000 studente.

2.2.3 Moontlike bande tussen die GKSA en die IPB
'n Ontmoeting met die IPB se *Inter-Ecclesiastical Committee* en afgevaardigdes van die GKSA vind DV vroeg in Desember 2011 in Sao Paulo plaas. Daar sal tydens die

GKSA Sinode in 2012 verder oor die uitkoms van hierdie ontmoeting gerapporteer word en aanbevelings gemaak word oor ekumeniese bande met die IPB. Die Deputate Ekumeniese Sake het die IPB genooi om as 'n waarnemer die GKSA se Sinode in 2012 by te woon.

2.2.4 Ontwikkeling ten opsigte van die NWU en die Universidade Presbiteriana Mackenzie
Nadat dr DG Breed in Junie 2011 die afgevaardigde van die IPB in die VSA ontmoet het, het hy inligting wat hy in verband met die Universidade Presbiteriana Mackenzie ontvang het, via prof Fika Janse van Rensburg aan die NWU bekend gemaak. Die NWU het laat blyk dat hy belangstel om sekere ooreenkomste met die Universidade Presbiteriana Mackenzie te sluit. Br Solano Portelo het ook aan die Universiteit in Sao Paulo inligting aangaande die NWU oorgedra. Die Universidade Presbiteriana Mackenzie het 'n uitnodiging aan die NWU gerig om die Universiteit in Sao Paulo te besoek met die oog op die sluit van moontlike ooreenkomste tussen die twee universiteite en die onderskeie fakulteite. Professor Herman van Schalkwyk en 'n aantal van die NWU se dekane vertrek DV vroeg in Desember 2011 om die Rektor van Universidade Presbiteriana Mackenzie en dekane van die Universiteit te ontmoet, terwyl die GKSA se afgevaardigdes die IPB se *Inter-Ecclesiastical Committee* ontmoet.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.4 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Die Sinode verwelkom die afgevaardigdes van die IPB as waarnemers by die GKSA se Algemene Sinode 2012.

2.3.2 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumeniese Sake die geleentheid om te rapporteer aangaande die GKSA se besoek aan die IPB.

Besluit: Punte 2.3.1 en 2.3.2 goedgekeur.

D. IGREJA PRESBITERIANA DO BRASIL [16.16.1]

Vir kennisname

1. Opdrag

Vergelyk Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

In die Deputate-rapport in die Aanvullende Agenda is na aanleiding van 'n ontmoeting tussen dr Breed en oudl Solano Potela in Maryland, VSA, Julie 2011, 'n moontlike besoek aan die IPB in Sao Paulo, Brasilië, in vooruitsig gestel. In hierdie Rapport word oor die verloop van die ontmoeting verslag gedoen.

2.1 *Afvaardiging*

As afvaardiging van die Deputate Ekumeniese Sake het opgetree dr DG Breed en prof GJC Jordaan.

2.2 *Ontmoetings in Sao Paulo*

Hierdie afvaardiging het tussen 1 tot 8 Desember 2011 verskeie ontmoetings in Sao Paulo gehad. Ontmoetings het plaasgevind met die IPB se *Committee of Inter-Ecclesiastical Relations* (CRIE), met as hulle verteenwoordigers dr Davi Gomes (voorsitter van CRIE), ds Roberto Brasiliero (Voorsitter van die Algemene Vergadering van die IPB), oudl Eliézer Arantes, oudl Solano Portela en dr Augustus Nicodemus. Daar was ook ontmoetings met verteenwoordigers van die Andrew Jumper Instituut vir nagraadse Teologiese Opleiding en rektore van twee van die agt Teologiese Skole van die IPB.

Die twee lede van die afvaardiging was ook deurentyd teenwoordig by die gesprekke tussen die NWU en die Universidade Presbiteriana Mackenzie (UPB), waaronder gesprekke wat prof JJJ van Rensburg, Dekaan van die NWU se Fakulteit Teologie, gevoer het met lede van die UPB se Fakulteit Teologie.

Die afgevaardigdes het op Vrydag 2 Desember die teologiese gradeplegtigheid van die Jumper Instituut (vgl 3.3 hieronder) bygewoon, waarby ds Roberto Brasiliero 'n boodskap uit die Skrif gebring het. Op Sondag 4 Desember is ook twee eredienste van Presbiteriaanse kerke in Sao Paulo bygewoon, waarby dr Breed en prof Jordaan die Woord bedien het. In alle gevalle het tolking tussen Afrikaans en Portugees plaasgevind.

Besluit: Punte 2 tot 2.2 kennis geneem.

3. Bevindings

3.1 *Bevindings oor die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB)*

Die IPB se historiese wortels is geleë in die sendingaksies van die Presbiteriaanse Kerk van die VSA aan die begin van die negentiende eeu in Brasilië, wat in 1859 uitgeloop het op die stigting van 'n selfstandige Presbiteriaanse Kerk in Brasilië. Die IPB het sedertdien gegroei tot 'n lidmatetal van bykans 'n miljoen lidmate.

Dit was vir die afgevaardigdes duidelik dat die IPB suiwer is in leer, diens en tug.

Die IPB onderskryf dieselfde Belydenisskrifte as die ander Presbiteriaanse kerke met wie die GKSA ekumeniese eenheid handhaaf. Uit die gesprekke blyk dit dat die IPB erns maak met die handhawing van die Gereformeerde leer, en teen afwykings daarvan in die kerke optree.

Dit is duidelik dat die IPB ernstig is oor die koninkryksgerigtheid van die kerk. Via die Universiteit (UPB) en private Gereformeerd-Christelike skole (wat almal konfessioneel aan die IPB gebind is, vgl 3.2 hieronder) word verskeie programme geloods waarin die gemeenskap in Brasilië Christelike leiding ontvang in etiese en maatskaplike aangeleenthede.

Verder blyk dit dat die IPB op talle plekke in Brasilië met "kerkplanting" besig is, en ook baie aktief betrokke is by sendingaktiwiteite in die buiteland. In Afrika spits die IPB hom veral toe op lande met 'n Portugese agtergrond, soos Angola en Mosambiek.

3.2 *Ontwikkelings ten opsigte van die NWU en die Universidade Presbiteriana Mackenzie*

Vergelyk Rapport in Aanvullende Agenda.

In respons op die uitnodiging van die Universidade Presbiteriana Mackenzie (UPM) het professor Herman van Schalkwyk en 'n aantal van die NWU se dekane vanaf 1 tot 8 Desember 2011 die Rektor van die UPM en hulle dekane (UPM: "direkteure") ontmoet en hulle Fakulteite (UPM: "Skole") besoek, waaronder hulle Fakulteit Teologie (UPM: "Skool van Teologie"). Uit die samesprekings het dit geblyk dat die UPM in geheel op 'n Gereformeerd-Christelike grondslag bedryf word. Dit is 'n privaat-universiteit met ongeveer 40 000 studente wat onder toesig van die Mackenzie Instituut staan. Die Mackenzie Instituut is 'n sambreel-organisasie wat deur die kerk (IPB) beheer word en wat nie net oor die Universiteit toesig hou nie maar ook oor 'n groot aantal Gereformeerde (Presbiteriaanse) privaatskole, 8 Teologiese Skole en die Andrew Jumper Nagraadse Instituut (vgl 3.3 oor die Andrew Jumper Instituut). Die samesprekings tussen die afvaardigings van beide universiteite het daarop uitgeloop dat die NWU 'n ooreenkoms met die UPM gesluit het, wat onder andere insluit gesamentlike navorsing, publikasies en konferensies met hierdie Gereformeerd-Christelike universiteit, asook uitruiling van dosente en studente vir bepaalde modules.

3.3 *Moontlike uitruiling van kundigheid tussen die TSP en die IPB se Jumper Instituut*

In die samesprekings met die IPB het dit vir die afgevaardigdes duidelik geword dat 'n indringende gesprek oor die teologiese opleiding van die GKSA en die IPB noodsaaklik is. Daarop het dr Breed en prof Jordaan gesprekke met twee van die agt Teologiese Skole van die IPB gehad, en veral met die rektor en personeel van die Andrew Jumper Instituut (AJI) waar die IPB se nagraadse opleiding van predikante plaasvind. Dit het geblyk dat daar nie net in gees en rigting nie maar ook inhoudelik groot ooreenkomste bestaan tussen die opleiding van predikante aan die TSP en die opleiding wat die IPB in die Teologiese Skole (voorgraads) en die AJI (nagraads) bied. Daarom was dit nodig om ook prof JJJ van Rensburg as Dekaan van die NWU se Fakulteit Teologie by die gesprek met AJI te betrek.

Moontlikhede van die uitruil van kundigheid en ook moontlike terreine van samewerking van die twee inrigtings (TSP en AJI) is bespreek en sal DV in 2012 deur prof Jordaan as rektor van die TSP opgeneem word met die Senaat en die Kuratore van die TSP.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode neem met groot dank kennis van die bestaan en die werksaamhede van die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB) asook van die Christelike Universiteit (UPM) in Brasilië.

4.2 Die Sinode neem met groot dank kennis van die ooreenkoms wat gesluit is deur die NWU met die UPM as Christelike Universiteit in Brasilië. In besonder word waardering uitgespreek teenoor die rektor van die NWU se PUK kampus, prof Herman van Schalkwyk, vir sy entoesiasme en leiding tydens die samesprekings met die Universidade Presbiteriana Mackenzie. Die Sinode spreek ook sy waardering uit teenoor die onderskeie Dekane wat by hierdie samesprekings betrokke was.

4.3 Die GKSA ***ekumeniese bande*** aan die IPB aanbied in die vertroue dat dit spoedig kan lei tot ***ekumeniese eenheid***.

4.4 Die Sinode keur dit goed dat daar reeds afgevaardigdes van die IPB na hierdie Sinode van 2012 genooi is en dat 'n geleentheid vir 'n groeteboodskap aan een van die afgevaardigdes tydens hierdie Sinode gegee word.

4.5 Die bande tussen die GKSA en die IPB verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar moontlik, veral op die terrein van sending.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.5 goedgekeur.

E. GROETEBOODSKAP IGREJA PRESBITERIANA DO BRASIL

Prof D Gomes en ds L Morais rig enkele woorde tot die vergadering.

16.17 RAPPORT 11 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – AFRIKA (Artt 185, 186, 187)

A. Ds IW Ferreira lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: ds IW Ferreira (s), ds CB Swanepoel, ds HS Coetzee, ds S Hibbert, dr PJ Buys, ds N Boy, prof D Mashau.

1. Reformed Church Botswana (RCB)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Die Deputate gee aandag aan die belewing van ekumeniese eenheid met die RCB

1.1.2 Die Deputate moet direk kontak maak met kerke in Sinode

Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 Die CGKN se Sendingdeputate is in 'n afboufase. Ds Jan Wessels is na Nederland gerepatrieer en die direkte invloed van die CGKN Sendingdeputate in die bediening van gemeentes is sterk verminder. Daarom is dit nie meer nodig om in terme van sendingkoördinering met die CGKN Sendingdeputate te kommunikeer oor die konkrete sendingwerk in Botswana nie.

1.2.2 Ds Wessels is vervang deur ds Olebogile Derek wat by Mukhanyo Teologiese Kollege afstudeer het en volgens verslae reeds goeie werk doen, al is hy nog minder as 'n jaar lank aan die werk.

1.2.3 Oor die algemeen is daar mooi tekens van groei in werk en nuwe sendingpunte is aan die ontstaan. Op plekke is reeds grond verkry vir die oprig van nuwe kerkgeboutjies.

1.2.4 Die D'kar nedersetting is besig met 'n onderhandelingsproses met die owerheid in Botswana om ook munisipale dienste te ontvang.

1.2.5 Daar is goeie samewerking tussen ds Hendrik du Plessis en ds Hessel Visser, aangesien ds Du Plessis nou ook betrek is by die by Bybelvertalings projek in die Naro Boesman taal.

1.2.6 Die Reformed Churches in Botswana worstel met swak administratiewe infrastruktuur wat ekumeniese kommunikasie met die GKSA bemoeilik (selfs net om uit te vind wanneer die RBC weer 'n Sinode gaan hou). Hulle sal moet hulp kry om 'n admin kantoor te vestig of die D'Kar gemeente oorweeg om weer by 'n Klassis en Streeksinode in SA in te skakel.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.6. kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Die bande van Ekumeniese eenheid gehandhaaf en uitgebou word.

1.3.2 Die Afrika lessenaar kommunikeer met die RCB oor hulle administratiewe logistieke probleme en ondersoek moontlike ondersteuning.

1.3.3 Gesprek word gevoer met die Gereformeerde Kerk D'Kar oor hulle behoefte aan inskakeling by 'n Klassis en Streeksinode in Suid-Afrika en probeer word om hulp te verleen om die administratiewe logistieke probleme van die RCB te help oplos.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.

2. Eglisee Reformee Confessante au Congo (ERCC)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

2.1.1 Die Sinode konstateer met dankbaarheid die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die ERCC en bou die eenheid uit deur kontak en besoeke waar dit moontlik is, sonder om sustenterend op te tree terwyl hulle tog behulpsaam moet wees met die voorgaande ontwikkeling van die ERCC.

2.1.2 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning tussen die GKN(V) en die ERCC, met wie die GKSA beide ekumeniese eenheid onderhou. Ons bede is dat die verhoudinge herstel kan word ter wille van die onderskeie kerkgemeenskappe, sowel as die uitbouing van die koninkryk van God in die DRC.

2.1.3 Die Sinode neem met dank kennis van die optrede van die ERCC wat blyk uit die besluite van hulle spesiale Sinode.

2.1.4 As gevolg van baie moeilike omstandighede in die Kongo, wat beduidende gevolge het vir die ERCC, soos van die Deputate verneem, stuur hierdie Sinode 'n bemoedigende boodskap aan die ERCC.

2.1.5 Die Deputate skryf 'n brief aan die ERCC waarin daar erkenning gegee word aan die besluite van die Buitengewone Sinode. Daar word ook 'n brief geskryf aan die twee predikante wat tans as verteenwoordigers by die regering dien, met die versoek dat hul die besluit van die Sinode moet honoreer

Beredenering

Die situasie in die Kongo is soos volg: *Die regering vereis van elke kerkgemeenskap om twee verteenwoordigers aan te wys om namens die kerk met die owerheid te skakel. Die NGK(v) was betrokke by hulpverlening en teologiese opleiding in die kerke. As gevolg van spanning tussen die GKN(v) en veral die twee wetlike verteenwoordiges van die ERCC, het die twee verteenwoordigers met die mag wat hulle het, eensydig die Nederlanders uit die land gesit en verhinder om verder daar te werk. Die gevolg is dat die kerke in die Kongo in 'n finansiële probleem gelaat is en dat daar onderlinge spanning binne die ERCC oor hierdie saak bestaan. Die besluit van die spesiale Sinode in Julie 2008 om die twee broers uit die komitee wat met die owerheid skakel te haal, is nie deur die owerheid erken nie.*

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.5 kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

2.2.1 Die Gereformeerde Kerke in die Kongo het geskeur. Dit het skynbaar vir die groep kerke wat ontevrede was met die optrede van die kerkleiers en wat gelei het tot die uitsetting van die Nederlandse sendelinge, onmoontlik geword om in die ERCC te bly funksioneer. Daar is op 17 Februarie 2010 formele erkenning deur die regering van die DRC gegee aan 'n nuwe kerkverband in die Kongo nl. die United Reformed Church in Congo. (URCC). Die kerkverband bestaan uit ongeveer 150 kleiner en groter gemeentes beide in die platteland en in stede en het 23 predikante.

Die URCC was onder die indruk dat bande met die GKPN outomaties gesluit sou word omdat hulle vanuit die ERCC weggebreek hê. Na inligting in die verband is formeel aansoek gedoen om Ekumeniese eenheidsbande met die GKSA. 'n Versoek is van die kerke ontvang waarin om hulp gevra word met druk van die Heidelbergse Kategismus in Songye and Tshuluba asook liedereboeke. Die URCC hou DV in Julie 2012 hulle eerste Sinode

2.2.2 Die ERCC het gedurende Julie 2011 vir die eerste keer na die gebeure en die skeuring 'n sinode gehou. Ongelukkig kon geen deputaat die sinode bywoon nie, maar daar is wel 'n groeteboodskap aan die sinode gestuur. Uit die Handelinge van die sinode blyk dit die ERCC nie die besluit van die twee broers wat op hulle eie besluit het dat die Hollandse sendelinge die land moet verlaat, goedkeur nie en hulle vermaan het om nie weer in eie reg as verteenwoordigers namens die ERCC by die

regering op te tree nie. Die gesprek met die Gereformeerde Kerken Nederland (vrijgemaakt) (GKv) gaan weer opgeneem word.

2.2.3 Daar kan ook gerapporteer word dat die Kongo Diensgroep wat vanuit die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord bestaan het om finansiële hulp aan die predikante wat in Potchefstroom en Hammanskraal studeer het, hierdie tydelike hulp na elf jaar gestaak het. Die predikante in die Kongo is drie jaar te vore oor die besluit ingelig.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Die bande van ekumeniese eenheid word met die ERCC voorlopig gehandhaaf en dat verdere gesprek gevoer word oor die verhoudinge tussen die GKSA en die ERCC.

2.3.2 Daar word gepoog om die Sinode van die URCC by te woon en dat die aansoek van die URCC om ekumeniese eenheid daarna oorweeg word.

2.3.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord, en alle kerke en individue wat 'n bydrae gelewer het tot die Kongo Diensgroep se ondersteuning aan Kongolese predikante.

Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.3 goedgekeur.

3. Reformed Church of East Africa (RCEA)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Ons neem kennis van kontak gemaak deur bogenoemde kerke, soos later gerapporteer. Die RCEA het groete gestuur, en aansoek gedoen vir ekumeniese bande.

3.1.2 Die Deputate het ook reeds die AEPC en RCEA se Kerkorde en Belydenis nagegaan, en gevind dat hul een is met die GKSA.

3.1.3 Ons sluit met RCEA, asook met AEPC, bande van Ekumeniese Eenheid.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.3 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

Deputate is afhanklik van e-pos kommunikasie wat nie baie gereeld is nie. Daar word nog gewag vir die datum van 'n volgende Sinode. Daar sal gepoog word om die afgevaardigdes van die kerke tydens die TEA konferensie in Kenia te ontmoet.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbeveling*

Die bande van Ekumeniese eenheid word gehandhaaf en uitgebou.

Besluit: Goedgekeur.

4. African Evangelical Presbyterian Churches (AEPC)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

4.1.1 Ons neem kennis van kontak gemaak deur bogenoemde kerke, soos later gerapporteer. Die RCEA het groete gestuur, en aansoek gedoen vir ekumeniese bande.

4.1.2 Die Deputate het ook reeds die AEPC en RCEA se Kerkorde en Belydenis nagegaan, en gevind dat hul een is met die GKSA.

4.1.3 Ons sluit met RCEA, asook met AEPC, bande van Ekumeniese Eenheid.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.3 kennis geneem.

4.2 *Uitvoering van opdrag*

Deputate is afhanklik van e-pos kommunikasie wat nie baie gereeld is nie. Daar word nog gewag vir die datum van 'n volgende Sinode. Daar sal gepoog word om die afgevaardigdes van die kerke tydens die TEA konferensie in Kenia te ontmoet.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

4.3 *Aanbevelings*

Die bande van Ekumeniese eenheid word gehandhaaf en uitgebou.

Besluit: Goedgekeur.

5. Sudanese Reformed Churches

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

5.1 *Opdrag*

Die Deputate voer verdere samesprekings met hierdie kerke om die kontak wat met die WRF- Konferensie begin is, verder te ontgin. Hierdie kontak kan veral deur bywoning van konferensies en ander geleenthede bewerkstellig word.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *Uitvoering van opdrag*

5.2.1 Dr PJ Buys het gereelde kommunikasie deur korrespondensie en 'n persoonlike ontmoeting in Kenia met die saakgelastigde van hierdie kerke gehad.

5.2.2 Sedert die vrede in Suid-Soedan deur die referendum bevestig is, het hierdie kerk verder gegroei en meer gevestig geraak.

5.2.3 Hulle is ook soos die GKSA 'n lid van World Reformed Fellowship.

5.2.4 Hulle is nou besig met onderhandelinge met Fourth Presbyterian Church en Mukhanyo Teologiese Kollege (albei geregistreerde WRF lede) om hulle te help om 'n Teologiese Skool in Juba tot stand te bring.

5.2.5 Hulle het die Ekumeniese Belydenisskrifte (Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en Athanasius) en die Drie Formuliere van Enigheid as Belydenisskrifte aanvaar en reeds in Arabies vertaal.

5.2.6 Hulle Sinode het 'n strategiese plan uitgewerk en aanvaar oor sending, evangelisasie, kerkplanting, onderwys en gemeenskapsontwikkelings hulp-projekte wat hulle die volgende 5 jaar wil implementeer.

5.2.7 Die SRC verlang ekumeniese bande met die GKSA

Besluit: Punte 5.2.1 tot 5.2.7 kennis geneem.

Vir besluitneming

5.3 *Aanbevelings*

5.3.1 Die Sinode aanvaar die Sudanese Reformed Churches as 'n Skrifgetroue Gereformeerde Kerk en gaan ekumeniese eenheid aan met hierdie kerke.

5.3.2 Ds Patrick Jok Ding word uitgenooi om die Algemene Sinode van die GKSA in Januarie by te woon.

5.3.3 Dat die Deputate opdrag kry om te ondersoek hoe hulp aan die kerke in Sudan verleen kan word.

5.3.4 Dat 'n kollekte vir die kerke in Sudan na aandete tydens die Sinode opgeneem sal word.

5.3.5 Dat die kaartjie van die betrokke broeder uit die huidige begroting van die Deputate Ekumeniesiteit: Buitelands betaal sal word.

Besluit: Punte 5.3.1 tot 5.3.5 goedgekeur.

6. Ivoorkus

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

6.1 *Opdrag*

Die Deputate voer verdere samesprekings met hierdie kerke om die kontak wat met die WRF- Konferensie begin is, verder te ontgin. Hierdie kontak kan veral deur bywoning van konferensies en ander geleenthede bewerkstellig word.

Besluit: Kennis geneem.

6.2 *Uitvoering van opdrag*

Geen verdere kontak is gemaak nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

6.3 *Aanbevelings*

Die Deputate voortgaan om kontak met hierdie kerke te bewerk.

Besluit: Goedgekeur.

7. Zambië

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

7.1 *Opdrag*

Die Deputate voer verdere samesprekings met hierdie kerke om die kontak wat met die WRF-Konferensie begin is, verder te ontgin. Hierdie kontak kan veral deur bywoning van konferensies en ander geleenthede bewerkstellig word.

Besluit: Kennis geneem.

7.2 *Uitvoering van opdrag*

Dit het geblyk dat ekumeniese kontak met hierdie kerke nie sinvol is nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

7.3 *Aanbevelings*

Daar word voorlopig nie verder aandag gegee aan ekumeniese kontak met die kerke nie.

Besluit: Goedgekeur.

8. Nigerië

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

8.1 *Opdrag*

Die Deputate voer verdere samesprekings met hierdie kerke om die kontak wat met die WRF-Konferensie begin is, verder te ontgin. Hierdie kontak kan veral deur bywoning van konferensies en ander geleenthede bewerkstellig word.

Besluit: Kennis geneem.

8.2 *Uitvoering van opdrag*

In samewerking met ds Dirk Boersma (ICRC) is gepoog om kontak met kerke in Nigerië te bewerkstellig. Dit was egter nie geslaagd nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

8.3 *Aanbeveling*

Daar, weens die ver afstand en die feit dat kerke in Nederland reeds baie betrokke is by die kerke in Nigerië, nie vanuit Suid Afrika verdere kontak gemaak word nie.

Besluit: Goedgekeur.

9. Malawi

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

9.1 *Opdrag*

Die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49. Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word (vgl Acta 2009:162).

Besluit: Kennis geneem.

9.2 *Uitvoering van opdrag*

9.2.1 Die Evangelical Presbyterian Church in Malawi het ’n amptelike versoek aan die GKSA gerig om hulle aan te beveel om as lid van die ICRC aanvaar te word.

9.2.2 Ds Derrik Bound van die Presbyterian Church in Australia (met wie die GKSA ekumeniese bande handhaaf) is ’n sendeling wat hierdie kerke goed ken en hulle dikwels gaan besoek en allerlei toerustingsgeleenthede aanbied het Suid-Afrika besoek. Hy het versoek om met ’n aantal van die Afrika lessenaar se lede ’n gesprek gevoer om inligting deur te gee en toe te lig oor hierdie kerke wat in die Suide van Malawi en gedeeltelik in Mosambiek sendingwerk doen en Gereformeerde Kerke stig.

9.2.3 Dit blyk dat hierdie kerke die Westminster Konfessie en Heidelbergse Kategismus as belydenis handhaaf en ’n begeerte openbaar om voluit as ’n Gereformeerde Kerk te ontwikkel.

Besluit: Punte 9.2.1 tot 9.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

9.3 *Aanbevelings*

9.3.1 Die Sinode besluit in beginsel dat die aansoek van die Evangelical Presbyterian Church in Malawi om lidmaatskap van die ICRC ondersteun word maar gee die Deputate opdrag om die Sinode van die kerke in 2012 by te woon en besoeke aan plaaslike kerke te bring en aan die hand daarvan ’n finale aanbeveling te maak al dan nie.

9.3.2 Die Deputate stel ondersoek in na ekumeniese bande met die Evangelical Presbyterian Church in Malawi.

Besluit: Punte 9.3.1 en 9.3.2 goedgekeur.

D GROETEBOODSKAP SUDANESE REFORMED CHURCHES

Ds Patrick Jok Ding rig enkele woorde tot die vergadering.

16.19 RAPPORT 13 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – EKUMENIESE LIGGAME (Art 190)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: dr DG Breed (s), dr PJ Buys, ds IW Ferreira, ds BCG Fourie.

1. International Conference of Reformed Churches (ICRC) (Lid)
Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die ICRC.

1.1.2 Die GKSA gaan voort met die lidmaatskap van die ICRC

1.1.3 Die Deputate lê in samewerking met die Administratiewe Buro 'n meer realistiese en haalbare aanbod voor aan die sekretariaat van die ICRC vir jaarlikse ledegeld.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 ICRC 2009 te Christchurch, Nieu Seeland

Die ICRC is in 2009 aangebied deur die RCNZ en is gehou in Christchurch op die Suideiland in Nieu Seeland. Die ICRC is deur dr DG Breed en ds BCG Fourie bygewoon. Die ICRC se tema was: *The vitality of the Reformed Faith.* Hierdie tema is deurgewerk in vier aanbiedings: *Facing the challenge of the charismatic movement; Facing the challenge of individualism; Facing the challenge of the Muslim world en Facing challenges in the Asian World*.

Verskeie kerke met wie die GKSA in ekumeniese eenheid is, was as lede deel van die konferensie, naamlik die CGKN, GKN(V), OPC, FCS, PCK (Kosin), RCNZ en die EERC. Die FCS (Cont), Independent Reformed Churches of Korea, Heritage Reformed Congregations (USA) en die Reformed Churches of Brazil het tydens die byeenkoms lidmaatskap van die ICRC ontvang. Die CRCA en die RCJ was by die konferensie teenwoordig as waarnemers.

Tydens die byeenkoms is formele gesprekke is gevoer met afgevaardigdes van die volgende kerke: RCNZ, CGKN, URCNA en die CRCA.

Die ICRC het tydens die byeenkoms is 'n rigtinggewende besluit geneem waarvolgens inligting van getroue Gereformeerde lektore in al die vakgebiede versamel en beskikbaar gemaak word om wyer beskikbaarheid te verseker en te help met opleiding in veral Derdewêreldlande.

Prof D Mashau is tydens die byeenkoms weer op die ICRC se sendingkommissie aangewys met ds IW Ferreira as sekundus. Dr DG Breed is aangewys op 'n tussentydse kommissie wat met die volgende ICRC byeenkoms advies moet gee oor konstitusionele sake.

1.2.2 Ledegeld

Die betaling van ledegeld was deur die Deputate met die verantwoordelike persone van die ICRC opgeneem. Dit het geblyk dat dit nie haalbaar sal wees indien sekere lede van die ICRC nie hulle volle ledegeld betaal nie. Dit was moontlik om met beskikbare fondse die GKSA se ledegeld ten volle te vereffen.

Besluit: Punte 1.2.1 en 1.2.2 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die ICRC.

1.3.2 Die GKSA gaan voort met die lidmaatskap van die ICRC

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.

2. World Communion of Reformed Churches (WCRC, waarnemerstatus) (voorheen REC/WARC)

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

Die Deputate stuur weer waarnemers na die volgende REC/WARC.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

In Junie 2010 het die World Alliance of Reformed Churches (WARC) en die Reformed Ecumenical Council (REC) in Grand Rapids vergader en by die byeenkoms tot een liggaam verenig om die World Communion of Reformed Churches (WCRC) te vorm. Dit was as gevolg van die tyd van die byeenkoms en ander redes nie vir die Deputate moontlik om met die afgelope byeenkoms waarnemers te stuur nie. Daar is met ander kerke in SA se afgevaardigdes na die byeenkoms in Grand Rapids gesprek gevoer oor verwikkelings tydens die byeenkoms en die dokumentasie wat deur WCRC na die byeenkoms beskikbaar gestel is, is bestudeer. Dit blyk nodig te wees dat die GKSA eers net waarnemers na die nuutgevormde WCRC stuur en dat groter deelname nie tans oorweeg moet word nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

Die Deputate stuur waarnemers na die volgende World Communion of Reformed Churches (WCRC) en maak tydens die volgende Algemene Sinode aanbevelings oor die GKSA se deelname aan die WCRC.

Besluit: Goedgekeur.

3. World Reformed Fellowship (WRF) (Aansoek om lidmaatskap ingedien 2006)

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van WRF.

3.1.2 Die GKSA gaan voort met die lidmaatskap van WRF.

3.1.3 Die Deputate stuur twee afgevaardigdes na die streekskonferensie in Uganda DV in September 2009 en na die internasionale vergadering in Skotland DV in 2010.

3.1.4 Die Deputate oorweeg 'n donasie, indien moontlik, uit die kollektefonds vir ekumenisiteit buitelands.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.4 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

3.2.1 Besoek

Die WRF se internasionale vergadering het in April 2010 in Edinburgh plaasgevind. Die WRF is deur dr PJ Buys (op koste van WRF as spreker), prof D Mashau (op koste van WRF as spreker), ds IW Ferreira (op koste van die Ekumeniese Deputate as afgevaardigde) en dr GJ van Wyk van Rustenburg (op koste van sy Kerkraad as waarnemer) bygewoon. Daar was WRF lede van 25 lande wêreldwyd wat die vergadering bygewoon het. Die WRF het nou 53 denominasies as lede, nog 65 plaaslike kerke, 104 teologiese skole en sendingorganisasies, en nog 515 individuele lede.

3.2.2 Kongres

3.2.2.1 Die kongrestema was: "*Voortgaande Reformasie; 'n Sending gerigte Teologie vir die*

Globale Kerk in die 21ste eeu". Die tema is gekies omdat die honderdjarige herdenking van die eerste wêreld sendingkonferensie wat in 1910 in Skotland gehou is. Terselfdertyd is die 450-jarige herdenking van die Reformasie in Skotland ook in 2010 in Edinburg plaasgevind. Daar was 'n wye verskeidenheid van lesings en werkbesprekings gehou.

3.2.2.2 Verskeie kerke met wie ons ekumeniese eenheid het en ander met wie ons ekumeniese kontak kan ondersoek, was deel van die kongres as lede van die WRF.

3.2.2.3 Hieronder kan genoem word: Die PCA, die Sudanese Reformed Churches, Reformed Churches of Brazil, Presbyterian Churches of Mexico. Die verteenwoordigers van 'n groot hoeveelheid Teologiese skole en sendingorganisasies bied ook goeie aansluitingspunte vir sinvolle ekumeniese samewerking in sending en teologiese opleiding.

3.2.3 <u>Ander sake op die Agenda</u>

3.2.3.1 Dr PJ Buys is gekies as adjunk internasionale uitvoerende bestuurder en ondervoorsitter van die Internasionale Raad van Beheer.

3.2.3.2 WRF het besluit om 'n internasionale konsultasie oor Moslem sending in Turkye te reël waar die meerderheid deelnemers Gereformeerde en Presbiteriaanse predikante sal wees wat voorheen self Moslems was. By die konsultasies sal oorweeg word om 'n internasionale instituut tot stand te bring wat navorsing sal doen en inligting en toerustingsmateriaal sal vrystel oor hoe om op die mees effektiewe manier Moslems te bereik.

3.2.3.3 WRF het as vrug van die werk van 'n internasionale paneel van Gereformeerde teoloë 'n geloofsverklaring vir oorweging aan lede beskikbaar gestel waarin gepoog is om bestaande Gereformeerde Belydenisskrifte saam te vat en veral ook eietydse toepassings te gee wat nie in bestaande Belydenisskrifte voldoende aangespreek is nie.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.3.3 kennis geneem.

<u>*Vir besluitneming*</u>

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Die GKSA bly 'n lid van die WRF en stuur op eie koste ten minste 2 afgevaardigdes na die volgende internasionale vergadering in 2014 (wat waarskynlik saam met die World Evangelical Alliance) in Seoul in Korea gehou sal word.

3.3.2 Die GKSA plaas 'n skakel na die webtuiste van die WRF op die webtuiste van die GKSA

3.3.3 Die Deputate stel aktiwiteite van die WRF bekend in die geledere van die GKSA.

3.3.4 Die Deputate ondersoek die moontlikheid om ekumeniese bande aan te gaan met verskeie Gereformeerde en Gereformeerd Presbiteriaanse kerke wat lid is van WRF, maar met wie die GKSA nie ekumeniese bande het nie.

3.3.5 Oor die voorgestelde "Statement of Faith" van die World Reformed Fellowship besluit die Sinode:

3.3.5.1 Kennis word geneem van die "Statement of Faith" van die World Reformed Fellowship.

3.3.5.2 Kennis word geneem van die bedoeling van die dokument, soos die opstellers daarvan dit self formuleer: "There are two important points to be made as we offer this Statement of Faith to the Church. First, the Statement of Faith is not intended to replace the confessional statements of the denominations which are in membership of the WRF. This is an additional Statement, which may be of use to individuals and churches as they reflect on the nature of Reformed Theology and its application to the theological and moral issues which confront the church in the 21st century. Second, affirmation of the Statement is not intended as a requirement for membership in the WRF. The next General Assembly of the WRF may decide to add it to the current list of confessional statements, one of which intending members must affirm but that is a matter for the General Assembly".

3.3.5.3 Kennis word geneem van die mededeling van dr PJ Buys, een van die opstellers van die "Statement of Faith", dat daar steeds geleentheid is vir kommentaar met die oog op die finale afhandeling van die dokument by die volgende "General Assembly" van die WRF in 2014.

3.3.5.4 In die lig van 2.3 hierbo aan te benoeme Deputate opdrag gegee word om indringende kommentaar op te stel met die oog op voorlegging aan die WRF se "General Assembly" in 2014.

3.3.5.5 Aan die te benoeme Deputate word opdrag gegee om verkennende gesprekke te voer met die kerke met wie die GKSA kerklike eenheid het, oor die behoefte aan 'n eietydse belydenisdokument.
(Motivering oor 3.3.5.5 – In die Statement of Faith word die behoefte uitgespreek vir "a confessional statement to address the issues the church is facing today". Ook in ander gesprekke (bv die TKR) gaan stemme op oor die moontlikheid van en behoefte aan 'n eietydse belydenis. Die gedagte van die verkennende gesprekke is om oor hierdie saak groter duidelikheid te kry by die kerke met wie die GKSA een is.)

Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.5.5 goedgekeur.

4. AEA en TEASA (Waarnemers)

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

Die Deputate neem verder kennis van hierdie ekumeniese liggame se werksaamhede

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Uitvoering van opdrag*

Gedurende die afgelope termyn was die deputate nie betrokke by die werksaamhede van hierdie ekumeniese liggame nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

4.3 *Aanbevelings*

Die Deputate gaan voort om kontak met die liggame te maak.

Besluit: Goedgekeur.

5. Theological Education in Africa (TEA)

Vir kennisname

5.1 *Opdrag*

Die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49. Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word (vgl Acta 2009:162).

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *Uitvoering van opdrag*

5.2.1 Die TEA konferensie (Theological Education in Africa) is vanaf 15 tot 19 Augustus by St Paul's Universiteit in Limuru (Nairobi) Kenia gehou. Dit is deur ongeveer 200 kerkleiers van regoor Afrika, asook die VSA en Ierland bygewoon. Die tema was: *"Preparing and Equipping Effective and Visionary Leadership for Christ's Church in Africa, part 2".* Dit is die opvolg van 'n konferensie wat verlede jaar op dieselfde plek gehou is. Dit is gesamentlik aangebied deur, onder andere die Christian Reformed World Missions (CRWM) – die sendingorganisasie van die CRCNA.

5.2.2 Die konferensie se verskillende aanbiedinge en werkwinkels was van hoogstaande gehalte en het uiters aktuele sake aangespreek. Hierdie sake sal ook dringend – op een of ander manier binne die GKSA aangespreek moet word.

5.2.3 Ons het onder die indruk gekom van die geweldige groei van kerke. Die Reformed

Churches van South Sudan het ons ingelig dat hulle besig is om ’n plan te implimenteer om 36 nuwe gemeentes onder terugkerende vlugtekinge in Suid Soedan te vestig.

5.2.4 Die ontsaglike nood aan hulp met teologiese opleiding, onderwysers opleiding, gemeenteopbou deur nuwe Christene toe te rus met basiese Bybel en geloofskennis, armoede verligting, werkskepping, gemeenskapsontwikkeling en ontlonting van konflikte tussen rasse en kultuurgroepe is ook telkemale benadruk.

5.2.5 Ons het ook onder die indruk gekom van hoeveel ander Gereformeerde Kerke soos die CRCNA, die Presbiteriaanse Kerke in Ierland en ander reeds doen om te help. Verskeie van hulle het die begeertse uitgespreek om vennootskappe aan te gaan met Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in projekte in verskillende lande in Afrika.

5.2.6 Ons het ook met waardering kenis geneem van ’n wye verskeidenheid van toerustingsmateriaal en kursusse wat reeds in die proses van ontwikkeling en implimentering is soos, opleiding van Bybelstudie groepleiers, opleiding van evangeliste en pastorale werkers om te kan preek, evangelisasie en diakonale werk te kan doen, wat selfs boerdery opleiding en werkskeppingsprojekte insluit. Dis duidelik dat die besef van ’n holistiese *Missio Dei* paradigma in sending baie goeie effek het in die uitbreiding van die koninkryk in Afrika waardeur die verkondiging van die Evangelie met woorde en dade, genesing van die nasies fasiliteer.

5.2.7 Tydens die konferensie was daar ook genoegsaam tyd om tussendeur gesprekke te kon voer met verteenwoordigers van kerke met wie die GKSA reeds ekumeniese bande het soos die CRCNA en die Reformed Churches in Southern Sudan,verhoudinge te bevestig en te versterk en ook nuwe kontakte te begin ontgin. Die voordeel van die bywoning van sulke geleenthede is weereens bevestig aangesien kommunikasie in Afrika baie moeilik gemaak en instandgehou kan word.

5.2.8 Nog ’n vrug van die bywoning van die konferensie is dat verskeie predikante groot belangstelling getoon het in die aanbieding van Mukhanyo afstandsonderrig se Diplomaprogramme en ander om vir M- en D-grade by Noordwes Universiteit in te skryf. Daar is verskeie van hulle wat openlik gesê het dat hulle die GKSA se teologiese insigte nodig het omdat dit getuig van ‘n Skrifgetroue benadering in teenstelling met liberale instellings wat Skrifkritiese, Marxistiese Bevrydings Teologiese en Feministiese Teologiese uitgangspunte het wat verwarring veroorsaak.

Besluit: Punte 5.2.1 tot 5.2.8 kennis geneem.

Vir besluitneming

5.3 *Aanbevelings*

5.3.1 Die Deputate kontakte wat by die konferensie gemaak is, opvolg.

5.3.2 Daar in die besonder aandag gegee word hoe missionêre samewerking met kerke in Afrika (en die res van die wêreld) in die praktyk gestruktureer kan word.

Besluit: Punte 5.3.1 en 5.3.2 goedgekeur.

16.20 RAPPORT 1 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – INLEIDEND (Art 106)

A. Ds PW Kurpershoek lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Vorige Sinodes se besluite wat opdragte aan Deputate raak

Vir kennisname

1.1 Die veelheid van kerke word aanvaar, maar nie om daarby te berus nie. Die eenheid van die kerk as mistieke liggaam van Christus is ’n werklikheid, maar die eenheid van die uitwendige kerk is ’n Goddelike eis en roeping. Hieruit vloei die roeping van die kerk voort om dit wat uitmekaar hou, broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring in een kerkverband (Acta 1958:879-80, a.2.b).

1.2 Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" gesien word (Acta 1970:69).

1.3 Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer opgeroep word (Acta 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).

1.4 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is) wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta 1967:366).

1.5 Met die eenheid van die kerk word nie eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv. in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta 1997:171, 2.1.1.4).

1.6 Die ekumeniese roeping is dan gerig op "herstel van die eenheid van die kerk" (Acta 1967:365).

1.7 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om 'n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta 1997:176, 3.2.1).

1.8 Gesien in die lig daarvan dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping het (Acta 1976:366) en die noodsaaklikheid van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (oa deur hierdie Deputate) insette en getuienis by godsdiensinstansies, waar onder die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies, sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.8 kennis geneem.

2. Algemene opdragte

2.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.1-2; 150, 2.3.3-2.3.4)*

2.1.1 Die Deputate voer gesprekke met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.

2.1.2 Die Deputate begin nuwe gesprekke met binnelandse kerke binne die Gereformeerde tradisie binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van *ekumeniese bande* met die oog op *ekumeniese eenheid*.

2.1.3 Die Deputate kry opdrag om gesprekvoering met binnelandse kerkgemeenskappe wat 'n Gereformeerde grondslag handhaaf, daadwerklik uit te brei.

2.1.4 Die Deputate kry opdrag om steeds ondersoek in te stel hoedat met ten minste alle kerkgemeenskappe wat deel is van die Konvent van Reformatoriese Kerke bilaterale

of multilaterale gesprekke gevoer kan word met die oog op die uiteindelike ekumeniese ideaal van kerklike samewerking en eenheid.

2.2 *Vir kennisname*

2.2.1 Aan al die sake is deur die loop van die termyn aandag gegee.

2.2.2 Daar is tydens ekumeniese geleenthede met verteenwoordigers van verskeie kerkgemeenskappe informeel gesprek gevoer.

2.2.3 In die komende jare kan hierdie informele gesprekke ontwikkel tot meer formele bilaterale en multilaterale gesprekke.

2.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

2.3.1 Die Sinode wyse Deputate aan om gesprekke te voer met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.

2.3.2 Een van die Deputate Ekumenisiteit Owerheid word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.

2.3.3 Een van die Deputate Ekumenisiteit Buitelands word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.

2.3.4 Die te benoeme Deputate begin nuwe gesprekke binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van *ekumeniese bande* met die oog op *ekumeniese eenheid*.

2.3.5 Die Sinode begroot vir alle koste rakende die werksaamhede van die Deputate, insluitend die verpligte jaargelde rakende die Konvent van Reformatoriese Kerke.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.3.5 kennis geneem.

3. Erkenning

Vir kennisname

3.1 Drie persone het oor die afgelope jare ’n geweldige bydrae gemaak tot die uitleef van die GKSA se ekumeniese roeping in Suid-Afrika (en wêreldwyd), te wete proff A le R du Plooy, CFC Coetzee en dr CJ Smit.

3.2 Proff A le R du Plooy, CFC Coetzee en dr CJ Smit het al drie saamgewerk aan die uitbouing van verhoudings en bande met verskeie kerkgemeenskappe in Suid-Afrika.

3.3 Daarmee saam het hulle elkeen ’n daadwerklike rol gespeel in die vestiging van twee ekumeniese liggame wat in die reformatoriese gemeenskap in Suid-Afrika ’n kardinale rol speel, naamlik die Tussenkerklike Raad en die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suidelike Afrika.

3.4 Ons erken met dankbaarheid teenoor die Here graag hierdie drie broers se roepingsbewuste ywer in diens van die Here, en in besonder die werk van dr CJ Smit wat nog deel was van hierdie Deputate – en steeds kosbare insette gelewer het – in die tyd voor sy oorlye.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 kennis geneem.

16.21 RAPPORT 2 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – VERHOUDINGE MET NGK EN NHKA (Art 107)

A. Die vergadering gaan in camera.
B. Dr H Goede lewer die rapport.
C. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

D. **RAPPORT**

1. Tussenkerklike Raad

1.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.3; 435, 6.1)*

1.1.1 Die Deputate gaan voort met deelname aan die Tussenkerklike Raad, waaronder gesprekvoering met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en voer alle opdragte uit soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad.

1.1.2 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisiteit (Binnelands) opdrag om die kriteria vir die geïdentifiseerde fokuskategorieë (insake alternatiewe Nagmaalsformuliere) aan die TKR voor te lê vir kommentaar en ‘n versoek tot medewerking tot hulle te rig.

1.2 *Vir kennisname: Verloop van die gesprek*

1.2.1 Gedurende hierdie termyn het vyf vergaderings van die TKR plaasgevind onder voorsitterskap van die GKSA.

1.2.2 Die doel van die TKR is om die eenheid tussen die deelnemende kerkgemeenskappe te belewe en te bevorder en om die totale samewerking tussen die betrokke kerkgemeenskappe hegter te koördineer, te bevorder en uit te bou op pad na die eenheid waarna in opdrag van die Here van die kerk, Jesus Christus gestreef word.

1.2.3 Gedurende elke vergadering van die TKR word die geleentheid gegee vir elke kerkgemeenskap om mededelings te doen oor die situasie binne die betrokke kerkgemeenskap. Die waarde hiervan kom na vore in die feit dat dit duidelik is dat elke kerkgemeenskap met dieselfde sake worstel en dieselfde verskeidenheid vertoon. So ontwikkel groter begrip vir elke kerkgemeenskap se binnewerkinge.

1.3 *Vir kennisname: Krities-opbouende gesprek*

1.3.1 Die krities-opbouende gesprek binne die TKR het die afgelope termyn baie gefokusde aandag gekry.

1.3.2 Die gesprek het aanvanklik gefokus op Skrifgesag en Skrifbeskouing, en later op belydenisvorming, belydenishandhawing en Gereformeerde identiteit.

1.3.3 Die gesprek is ook uitgebrei na die belydenis van Belhar en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die onderskeie kerkgemeenskappe.

1.3.4 Teen April 2011 was die gesprek rondom Belhar afgehandel en is die fokus verskuif na die behoefte aan belydenisvorming binne die drie kerkgemeenskappe.

1.4 *Vir kennisname: Samewerking*

1.4.1 Die opdrag van die TKR soos beskryf in die Grondslag van die TKR is *(o)m kerklike eenheid op grond van dieselfde Belydenisskrifte in Jesus Christus te belewe en te bevorder deur* (onder andere):

1.4.1.1 kennis te neem van bestaande samewerkingsterreine en ’n geheelbeeld daarvan aan die saamwerkende kerkgemeenskappe te gee

1.4.1.2 nuwe samewerkingsterreine tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe te identifiseer, te koördineer, en met verantwoording aan die onderskeie mandaatgewers uit te bou.

1.4.2 Al die sub-komitees vir samewerking (buitelandse bediening, parlementêre lessenaar, onderwys, kerklike diakonaat, liturgiese formuliere en hervertaling van die belydenisskrifte) het deur die afgelope drie jaar nog nie die gewenste vlak van samewerking bereik nie.

1.4.3 Tog het samewerking verbeter op die gebiede van buitelandse bediening, die parlementêre lessenaar, en die hervertaling van die belydenisskrifte.

1.5 *Vir kennisname: Openbare getuienis*

1.5.1 Die TKR het van tyd tot tyd by monde van kerkleiers uit die drie kerkgemeenskappe openbare getuienis oor aktuele sake gelewer. Hierdie getuienis het goeie mediadekking geniet.

1.5.2 Die volgende temas is as aktuele sake vir openbare getuienis geïdentifiseer: Die hantering van maatskaplike welsyn, die Grondwet, die feit van die disfunksionele staat in Suid-Afrika, lewe en die ekologie.

1.6 *Vir kennisname: Groeteboodskappe*

1.6.1 'n Versoek is vanaf die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens hul Algemene kerkvergadering van September 2010. Die Deputate het prof A le R du Plooy afgevaardig om dit te doen.

1.6.2 'n Versoek is vanaf die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang om tydens hul Spesiale Algemene kerkvergadering van September 2011 teenwoordig te wees. Die Deputate het ds C Aucamp afgevaardig om dit te doen.

1.6.3 'n Versoek is vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 2011. Die Deputate het ds PW Kurpershoek afgevaardig om dit te doen.

1.6.4 Die Administratiewe Buro is versoek om die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika na Sinode 2012 uit te nooi om groeteboodskappe oor te bring.

1.7 *Vir kennisname: Fokuskategorieë – Nagmaalsformuliere*

1.7.1 Sinode 2009 se *Kriteria waaraan Nagmaalsformuliere behoort te voldoen*, asook die vier *Fokus-kategorieë* waarvolgens bykomende Nagmaalsformuliere saamgestel kan word, is in Februarie 2009 aan die TKR voorgelê vir kommentaar en met die versoek van medewerking in die daarstelling van die bykomende formuliere.

1.7.2 Gesprek hieromheen is gevoer, maar geen formele terugvoer is van die twee kerkgemeenskappe ontvang nie.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.7.2 kennis geneem.

1.8 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

1.8.1 Die Sinode keur die optrede van die Deputate soos hierbo gemeld, goed.

1.8.2 Die te benoeme Deputate gaan voort om aan die Tussenkerklike Raad deel te neem en alle opdragte soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad uit te voer.

Besluit: Punte 1.8.1 en 1.8.2 goedgekeur.

2. Parlementêre Lessenaar

2.1 *Opdrag (Acta 2009:155 (2.5.4 a-b)*

2.1.1 Om in gesprek te tree met drr Kobus Gerber en Ben du Toit om al die probleme rondom die effektiewe funksionering met betrekking tot die Parlementêre lessenaar uit te klaar.

2.1.2 Die Deputate kry 'n mandaat om van die Parlementêre lessenaar te onttrek indien die probleme nie uitgesorteer kan word nie.

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.

2.2 *Vir kennisname*

2.2.1 Gedurende hierdie termyn het die aard van die NGK se Parlementêre lessenaar verander na 'n netwerk van kundiges of belangstellendes op bepaalde gebiede byvoorbeeld gemeenskapsake of onderwys.

2.2.2 Die aanduiding van die NGK was dat dit geformaliseer sal word tot 'n lessenaar vir openbare getuienis met betrekking tot sake soos gesondheidsorg, grondhervorming, dienslewering, ensovoorts. Die lessenaar gaan voort met die monitering van wetgewing en daar behoort ook via die lessenaar meer kritiese betrokkenheid as voorheen in die wetgewende proses te wees.

2.2.3 ’n Saak waaraan die lessenaar baie aandag bestee het, is die verhouding tussen huweliksbevestigers en die Departement van Binnelandse Sake. Danksy die lessenaar, en via die TKR, is ons kollegas op hoogte gehou van die jongste verwikkelinge. Gesprek binne die TKR het ook aangedui dat die kerkgemeenskappe ’n rol in huweliksluiting te speel het, en dat die bevestiging van sogenaamde kerklike huwelike eie implikasies vir die kerke en lidmate het.

2.2.4 Ten opsigte van die GKSA se betrokkenheid by die Parlementêre lessenaar is deur die NGK aangedui dat die Parlementêre lessenaar inligting oor die wetgewende proses aan die breër kerklike gemeenskap sal voorsien, terwyl profetiese getuienis die verantwoordelikheid van elke kerkgemeenskap is.

2.2.5 Die Deputate meen dat voldoende vordering in die effektiewe funksionering van die Parlementêre lessenaar gemaak is, en daarom het die Deputate nie die mandaat uitgevoer om daarvan te onttrek nie.

2.2.6 Geen formele ooreenkoms bestaan insake die GKSA se deelname aan die Parlementêre lessenaar nie.

2.2.7 Befondsing van die Parlementêre lessenaar is tans die verantwoordelikheid van die NGK.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.7 kennis geneem.

2.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

2.3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om die GKSA se deelname aan die Parlementêre lessenaar te fasiliteer – in oorleg met die Deputate Ekumenisiteit Owerheid.

2.3.2 Die te benoeme Deputate stel ondersoek in na die wyse waarop die deelname aan die Parlementêre Lessenaar geformaliseer kan word, insluitend die reëlings rondom ‘n finansiële bydrae van die kant van die GKSA (reeds goedgekeur in 2006).

Besluit: Punte 2.3.1 en 2.3.2 goedgekeur.

3. Bilaterale gesprek met NHKA

3.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.3)*

3.1.1 Die Deputate gaan voort met deelname aan die Tussenkerklike Raad, waaronder gesprekvoering met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Vir kennisname*

3.2.1 Een bilaterale gesprek kon gedurende die termyn met die NHK plaasvind waartydens ooreengekom is dat 'n klimaat geskep moet word vir goeie samewerking.

3.2.2 Daar is ooreengekom dat die daarstel van 'n moontlike bilaterale ooreenkoms tussen die NHKA en die GKSA prioriteit is. ‘n Subkommissie is aangewys wat voorbereidend moet werk aan die daarstel van ‘n konsepooreenkoms.

Besluit: Punte 3.2.1 en 3.2.2 kennis geneem.

3.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

3.3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NHKA.

Besluit: Goedgekeur.

4. Bilaterale gesprek met NGK

4.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.3)*

4.1.1 Die Deputate gaan voort met deelname aan die Tussenkerklike Raad, waaronder gesprekvoering met die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Vir kennisname*

4.2.1 Gedurende die termyn is bilaterale gesprek met die NGK hervat. Vier gesprekke het sedert April 2010 plaasgevind.

4.2.2 Tydens hierdie gesprekke is besluit om ’n memorandum van ooreenkoms tussen die twee kerkgemeenskappe op te stel vir voorlegging aan die kerkgemeenskappe se

onderskeie meerdere vergaderings. Die twee afvaardigings het na deeglike gesprek en beredenering tot 'n vergelyk oor sodanige memorandum gekom.

4.2.3 Hierdie ooreenkoms is reeds deur die Moderamen van die NGK goedgekeur – waarvan ook kennis geneem is tydens die Algemene Sinode van die NGK.

4.2.4 Die voorgestelde memorandum van ooreenkoms lees soos volg:

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.4 kennis geneem.

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS TUSSEN
DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA)
EN
DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (NG KERK)

PROLOOG

Graag wil ons voordat die inhoud van hierdie ooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) gestel word, ons dankbaarheid teenoor die Drie-enige God tot uitdrukking bring en ons afhanklikheid van Hom opnuut bely vir elke tree wat op die pad na kerklike eenheid gegee word;

Ons glo dat die hemelse Vader, vir Wie ons afgesonder is en deur Wie ons leef, ons op die pad van kerklike eenheid lei en dat sy Naam deur uitdrukking van eenheid verheerlik word;

Ons besef dat kerklike eenheid nie iets is wat ons in eie krag kan bewerk nie, maar dat dit as kosbare gawe uit die versoeningswerk van die Seun voortvloei. Alleen in sy krag kan ons ook die opdrag om die eenheid steeds meer te soek en te laat realiseer, gehoorsaam;

Ons stel ons gewillig onder leiding van die Heilige Gees. Dit is die Gees alleen wat ons in die volle waarheid van sy Woord lei en daarom ook in die rykdom van eenheid wat die Vader vir ons deur sy Seun ontsluit het.

Soli Deo Gloria!

1. Inleiding

1.1 *Agtergrond*

Die GKSA en die NG Kerk het sedert 1859, toe die GKSA ontstaan het, by verskeie geleenthede en tye – meer sporadies en ad hoc – met mekaar oor kerkeenheid gesprek gevoer. By hierdie gesprekke was die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ook betrokke. Sedert 1958 is daar op 'n meer intensiewe en gestruktureerde wyse in 'n kommissie (eers die Interkerklike Kommissie (IKK), toe die Tussenkerklike Kommissie (TKK) en tans die Tussenkerklike Raad (TKR)) gesprek gevoer oor die vraag wat die Kerke (kerkgemeenskappe) uitmekaar hou, en ooreengekom dat dit 'n roeping is om op grond van die eenheid in Christus ernstig te poog om ook sigbaar een te word. Hierdie gesprekke is tussen die sogenaamde drie Afrikaanse Kerke in die genoemde kommissies gevoer, maar ook op bilaterale wyse. Die NG Kerk en die GKSA het mettertyd tot die bevinding gekom dat, hoewel daar nie op die korttermyn tot een kerkverband gekom sal kan word nie, daar wel heelwat punte van ooreenkomste is en dat samewerking nie net moontlik is nie, maar ook noodsaaklik is en reeds beleef word.

1.2 *Roeping*

Aangesien die kerk van Jesus Christus die liggaam van Christus is, is ons geroep om die eenheid in Christus te laat realiseer en nie by 'n geskeidenheid te berus nie: daarom behoort ons te streef om ook sigbaar en konkreet een in Christus te word, soos in een kerkverband.

Verder is die twee Kerke daarvan oortuig dat veel meer gedoen behoort te word om op grond van ons gemeenskaplike Gereformeerde identiteit en belydenis meer konstruktief en effektief saam te werk op verskillende vlakke: ten opsigte van gemeenskaplike geloofsaktiwiteite in sake wat ons met mekaar in gemeen het (waaronder Bybelvertaling, belydenissake, uitgangspunte vir kerklike bediening, profetiese getuienis) asook tussen plaaslike kerke van die twee kerkverbande.

1.3 *Verklaring*

Die twee Kerke verklaar en bevestig

1.3.1 dat ons mekaar as Kerke van Jesus Christus erken en respekteer;

1.3.2 dat ons daarvan oortuig is om ons roeping ten opsigte van mekaar, soos in paragraaf 1.2 hierbo gestel, na te streef;

1.3.3 dat ons binne die raamwerk van die Woord van God en die Drie Formuliere van Eenheid as Gereformeerde Kerke 'n daadwerklike nuwe fase van eenheid en samewerking wil probeer vestig en uitbou;

1.3.4 dat ons enige belydenisveranderinge met oorlegpleging sal hanteer.

1.4 Doel van hierdie ooreenkoms

Die doel van hierdie ooreenkoms is daarom die volgende:

1.4.1 Om op 'n realistiese wyse, en met erkenning van die feit van die bestaan, geskiedenis en etos van beide Kerke, prakties uitdrukking te probeer gee aan die gemeenskaplike roeping (par 1.2);

1.4.2 Om op konkrete en praktiese wyse sigbare eenheid en samewerking te realiseer.

2. Aspekte oor Eenheid en Eenwording

2.1 Ons eenheid en roeping tot eenheid in die volle sin en betekenis van die woord is begrond in ons gemeenskaplike geloof in God Drie-Enig.

2.2 Ons gemeenskaplike belydenisskrifte (Apostolicum, Nicea, Athanasius, Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls) vorm die raamwerk vir ons beplanning en realisering van die eenheid.

2.3 Daar bestaan 'n diep geestelike eenheid tussen die twee Kerke, hoewel dit nog nie volledig en sigbaar en struktureel gerealiseer het nie.

2.4 Die Kerke onderneem om binne die raamwerk van die Gereformeerde Belydenis en kerkregering met mekaar en ook onderling binne een Kerk verskille wat die belydenis in gedrang (kan) bring, aan te spreek.

2.5 Die twee Kerke bestaan en funksioneer steeds afsonderlik van mekaar volgens elkeen se Kerkorde en relevante bepalinge, maar beweeg nader na mekaar toe deurdat die volgende onderneem word (waar van toepassing onder die leiding en besluite van plaaslike kerke):

2.5.1 Lidmaatskap word erken aan die hand van goeie getuienisse (attestate);

2.5.2 Belydende lidmate word tot die sakramente toegelaat op grond van goeie getuienisse oor leer en lewe;

2.5.3 Kanselruiling mag plaasvind op grond van goeie getuienis oor die leer en lewe van die betrokke bedienaar;

2.5.4 Gesamentlike dienste vind plaas soos en wanneer plaaslike kerke van die twee Kerke (byvoorbeeld in dieselfde omgewing) dit nodig ag;

2.5.5 Verteenwoordigers by die twee Kerke se meerdere vergaderings vervul 'n meer effektiewe en konstruktiewe funksie, met adviserende stem.

2.6 Aangesien die GKSA struktureel 'n nuwe wyse van samestelling van meerdere vergaderings aanvaar het waarvolgens verskille ten opsigte van taal, ras, kultuur en volk nie meer tot afsonderlike sinodes lei nie, en aangesien die NG Kerk binne die NG Kerk-familie tans nog hieroor gesprek voer, onderneem die twee Kerke om mekaar se besluite hieroor te respekteer, mekaar te akkommodeer, en verder om mekaar te betrek by verdere ontwikkelinge en besluite in hierdie verband.

3. Terreine van samewerking

3.1 Die twee Kerke bevestig opnuut dit wat binne die TKR geïdentifiseer is en beplan word ten opsigte van die feit van samewerking asook die wyse waarop dit tans gestruktureer en beplan is. Hiervolgens word ten minste op die volgende terreine met mekaar saamgewerk:

- Bediening aan lidmate in die buiteland
- Bybelvertaling
- Onderwys en Jeug
- Kerklike diakonaat
- Vertalings, wysigings en samestellings van liturgiese en ander kerklike geskrifte;
- Ontwikkeling van strategieë ten opsigte van gesamentlike gemeentelike bediening (veral ten opsigte van die platteland)
- Gesamentlike openbare getuienis (insluitend Parlementêre Lessenaar)

3.2 Die twee Kerke onderneem om met mekaar in gesprek te tree oor Gereformeerde teologiese opleiding.

4. Ekumenisiteit

Die twee Kerke kom ooreen om in die bilaterale gesprekke (so ook in die TKR) meer effektief en konstruktief te beplan oor hoe ons ons ekumeniese roeping en ekumeniese verhoudinge behoort te reël en uit te leef.

4.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

4.3.1 Die Sinode keur die voorgestelde memorandum van ooreenkoms goed as vergestalting van die eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe.

Besluit: Afgekeur en verwys na Deputate Ekumenisiteit: Binnelands in oorleg met Deputate Leerstellige Sake.

4.3.2 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NGK.

Besluit: Goedgekeur.

16.22 RAPPORT 3 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – VERHOUDINGE MET VERDERE KERKGEMEENSKAPPE (Artt 109, 112)

A. Ds PW Kurpershoek lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Afrikaanse Protestantse Kerk

1.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.4)*

1.1.1 Die Deputate gaan voort met gesprekvoering met die Afrikaanse Protestantse Kerk.

1.2 *Vir kennisname*

1.2.1 Ten spyte van pogings tot kontak, kon geen gesprekvoering met afgevaardigdes van die Afrikaanse Protestantse Kerk plaasvind nie.

1.2.2 Gedurende hierdie termyn van die Deputate het die Afrikaanse Protestantse Kerk ook geen waarnemers na die vergadering van die TKR gestuur nie – ten spyte van spesifieke versoeke daartoe.

1.2.3 'n Versoek is vanaf die Afrikaanse Protestantse Kerk ontvang om 'n skriftelike groeteboodskap namens die GKSA beskikbaar te stel vir die Algemene Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in Augustus 2010 – waaraan voldoen is.

1.2.4 Die Administratiewe Buro is versoek om die Afrikaanse Protestantse Kerk na Sinode 2012 uit te nooi om 'n groeteboodskap oor te bring.

1.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

1.3.1 Die te benoeme Deputate werk indringend aan die uitbou van die gesprekke met die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.3.1 kennis geneem.

2. Rynse Kerk in Suid-Afrika en Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika

2.1 *Opdrag (Acta 2009:150, 2.2.9–2.2.11; 160, 4.5)*

2.1.1 Die Deputate gaan voort met die gesprek met die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA) en brei dit uit.

2.1.2 Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om die Klassis/Klassisse van Wes-Kaap, Oos-Kaap, Griekwaland-Wes en Namibië behulpsaam te wees in die proses van ekumeniese kontak met die CPKvSA en die RKSA.

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.

2.2 *Vir kennisname*

2.2.1 Verskeie pogings is gedurende die termyn aangewend om met afgevaardigdes van beide hierdie kerkgemeenskappe te vergader.

2.2.2 Geen bi- of trilaterale gesprekke kon realiseer nie.

2.2.3 Met die Konvent en ander ekumeniese geleenthede is informeel gesprekke gevoer.

2.2.4 Die volgende verklaring is van die twee kerkgemeenskappe se moderature ontvang:

> *1. Ons is steeds verbind tot die bevordering van bande met julle kerk;*
> *2. Ons sien ons steeds van hierdie ekumeniese eenheidsproses en gesprek;*
> *3. Ons is bly dat `n verhouding is tussen die GKSA en ons twee kerke.*

2.2.5 As gevolg van die probleme om bilaterale gesprekke gereël te kry, is nie aandag gegee aan die stimulering van die plaaslike en streekskontak nie.

2.2.6 Die Administratiewe Buro is versoek om die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA) na Sinode 2012 uit te nooi om groeteboodskappe oor te bring.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.6 kennis geneem.

2.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

2.3.1 Die te benoeme Deputate werk indringend aan die uitbou van die gesprekke met die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA).

Besluit: Goedgekeur.

3. Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

3.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.6; 157, 2.9.7)*

3.1.1 Die Deputate gaan voort met gesprekvoering met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3.1.2 Die Deputate kry opdrag om die gemeentes en Klassisse in die omgewing van VGKSA-Kerke te begelei om daadwerklik by mekaar betrokke te raak.

Besluit: Punte 3.1.1 en 3.1.2 kennis geneem.

3.2 *Vir kennisname*

3.2.1 Een bilaterale gesprek met die VGKSA het plaasgevind.

3.2.2 Van die kant van die GKSA se Deputate is weer eens bevestig dat daar tans geen sake is wat in die weg staan tot kerklike eenheid nie.

3.2.3 Daar is ooreengekom dat met die volgende gesprek (DV Mei 2012) 'n memorandum van die VGKSA se Deputate sal dien waarin dié sake wat eenheid in die weg staan, deur hulle aangedui sal word.

3.2.4 Indringende gesprekke tussen die Kerkrade van die GK Die Kandelaar, GK Oos-Moot en GK Totiusdal en die VGKSA Pretoria en VGKSA Pretoria-Marantha vind al sedert 2010 plaas – 'n saak waarvoor die Deputate baie dankbaar is.

3.2.5 In hierdie plaaslike gesprekke het die betrokke kerke mekaar leer ken aan die hand van 'n vasgestelde vraelys. Ooreenkomste en verskille is geïdentifiseer ten einde te bepaal wat die kerke aan mekaar bind en waarin hulle van mekaar verskil.

3.2.6 Dit is duidelik dat die klem in die gesprekke tussen die VGKSA en die GKSA besig is om te verskuif na fasilitering en begeleiding van die plaaslike gesprekke wat reeds bestaan of wat van die grond moet kom.

3.2.7 'n Versoek is vanaf die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens hul Sinode in Junie 2011. Die Deputate het ds PW Kurpershoek afgevaardig om dit te doen.

3.2.8 Die Administratiewe Buro is versoek om die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na Sinode 2012 uit te nooi om 'n groeteboodskap oor te bring.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.8 kennis geneem.

3.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

3.3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met die gesprekke met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerig op kerklike eenheid.

3.3.2 Die te benoeme Deputate behou noue kontak met die plaaslike gesprekke tussen kerke vanuit die GKSA en VGKSA.

Besluit: Punte 3.3.1 en 3.3.2 goedgekeur.

4. Konvent van Reformatoriese Kerke

4.1 *Opdrag (Acta 2009:160, 4.7)*

4.1.1 Die Deputate wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Vir kennisname*

4.2.1 Die Konvent vir Reformatoriese Kerke vergader jaarliks gedurende die eerste week van Maart en betrek ongeveer 15 kerkgemeenskappe van reformatoriese agtergrond.

4.2.2 Gedurende die afgelope termyn het die Konvent uitgebrei om ook kerke vanuit die Lutherse tradisie in te sluit.

4.2.3 'n Eerste Gereformeerd/Hervormde-Lutherse konsultasie het in 2009 plaasgevind waartydens die twee tradisies mekaar leer ken het.

4.2.4 Gesprek tydens die Konvent van 2010 en 2011 het op die kentekens van die kerk gefokus, soos gerig op die situasie in die 21ste-eeu.

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.4 kennis geneem.

4.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

4.3.1 Die te benoeme Deputate wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

Besluit: Goedgekeur.

D. **GROETEBOODSKAP VGKSA**

Ds PW Kurpershoek stel ds E van Alten aan die vergadering voor waarna hy aan die woord gestel word. Ds van Alten rig enkele woorde tot die vergadering. Die voorsitter, ds SD Snyman, bedank ds E van Alten en bid hom en die VGKSA die seën van die Here toe met hulle dienswerk.

16.23 RAPPORT 4 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – SARK (Art 111)

A. Dr H Goede lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

1.1 *Opdrag (Acta 2009:153, 2.4.8.3–2.4.8.7)*

1.1.1 Deputate kry opdrag om bepland en doelgerig by die werksaamhede van die SARK in te skakel.

1.1.2 Deputate kry opdrag om – in oorleg met die Deputate Ekumenisiteit: Gesprek met Owerheid – profeties krities te getuig by die werksaamhede van die Parlementêre lessenaar en die National Church Leaders Forum.

1.1.3 Deputate kry opdrag om 'n duidelike Gereformeerde getuienis te lewer teenoor die SARK en hulle werksaamhede.

1.1.4 Deputate kry opdrag om volgende Sinode van 'n deeglike evaluering te voorsien aan die hand van die riglyne soos gestel deur Sinode 1997 (Acta, 1997:176-177, 3.2).

1.2 *Vir kennisname: Besluite van Sinode 1997 (Acta 1997:176-177, 3.2)*

3.2 *Oor kontak met ander ekumeniese en kerklike bewegings:*

3.2.1 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit nie net oor 'n gesprek oor hoe Kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word. Elke meerdere kerkvergadering kan vanself oordeel oor die wyse van ekumeniese kontak met ekumeniese instansies, bewegings en/of Kerkgemeenskappe met wie die GKSA nie in korrespondensie staan nie.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

3.2.2 Gesien die toenemende sekularisasie in die Suid-Afrikaanse samelewing word die profetiese roeping en taak van die kerke al hoe dringender. Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om hieraan ernstige aandag te gee en wel volgens die riglyne soos neergelê deur Sinode 1991 (Acta 1991:269):

(1) Oordeel in elke voorkomende geval of betrokkenheid by samesprekings tussen kerke sinvol is

(2) Laat die lig skyn binne die raamwerk van aanvaarde besluite van kerke binne die ressort van die Nasionale Sinode van die GKSA en op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die lig van die Gereformeerde getuienis (Joh 9:5; Matt 5:14) deur 'n duidelike Gereformeerde standpunt te stel.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.3 Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1967:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is (Acta 1970:63, 64; 1976:476; 1982:548), is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdiensuitsendings, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasie sal lewer.

Besluit: Goedgekeur.

1.3 *Vir kennisname: Waarnemerstatus*

1.3.1 Sinode 2009 het die besluit van Sinode 2006 om vir lidmaatskap van die SARK aansoek te doen, nietig verklaar (Acta 2009:236-237).

1.3.2 Die Deputate het gevolglik die GKSA se waarnemerstatus by die SARK opgesê.

1.4 *Vir kennisname: Profeties-kritiese getuienis*

1.4.1 Ten opsigte van die profeties-kritiese getuienis by die Parlementêre Lessenaar word na Rapport 2, 2 verwys.

1.4.2 Geen uitnodigings is ontvang om deel te neem aan die werksaamhede van die National Church Leaders Forum nie.

1.5 *Vir kennisname: Monitering van werksaamhede*

1.5.1 Die Deputate het die aktiwiteite van die SARK gemoniteer deur die jaarlikse vergaderings van die Sentrale komitee by te woon, asook die driejaarlikse Nasionale Konferensie.

1.5.2 Media-vrystellings is ook deurlopend gemoniteer.

1.5.3 Die Deputate het gesprek gevoer met die leierskap van die SARK, naamlik die president, biskop Joe Seoka (Anglikaanse kerk van Suidelike Afrika) en die Algemene Sekretaris, ds. Mautji Pataki (Uniting Presbytarian Church of Southern Africa).

1.5.3.1 Gedurende hierdie gesprek is verskeie aspekte van die interne werksaamhede van die SARK bespreek.

1.5.3.2 Dit het uit hierdie gesprekke duidelik geword dat die SARK ontslae geraak het van sy politieke kleure van die verlede en dat dit ‘n kritiese houding teenoor die owerheid van die dag inneem. Hierdie kritiese ingesteldheid kom duidelik na vore in media-vrystellings van die SARK oor sake soos armoede en korrupsie.

1.5.3.3 Die president en die algemene sekretaris het ten sterkste ontken dat daar enige ondersteuning of aktiewe bevordering deur die SARK van die intergeloof beweging is. Die Deputate wat die vergaderings bygewoon het, bevestig ook dat daar nooit enige aanduiding van intergeloof-aanbidding was nie. Die SARK werk wel saam met ander gelowe wanneer politiese, ekonomies en sosiale sake hanteer word.

1.5.3.4 Die SARK is ‘n forum gerig op ekumeniese gesprekvoering. Alhoewel daar in vergaderings tot besluite gekom word, is daar ruimte vir verskille van mening. Elke lid van die SARK is dus nie outomaties aan elke besluit gebonde nie.

1.5.3.5 Die fokus van die SARK se aktiwiteite is by sake van die dag soos armoede, sosiale ongeregtigheid en korrupsie, eerder as teologiese uitsprake. Die SARK poog om met sy getuienis die boodskap van die Evangelie op sake van die dag te fokus.

1.5.3.6 Die SARK het meer direkte toegang tot die regering van die dag soos blyk uit die leierskap se onlangse samesprekings met president Jacob Zuma.

1.6 *Vir kennisname: Evaluering van werksaamhede*

1.6.1 Die riglyne vir kontak met ander ekumeniese en kerklike bewegings, soos vasgestel deur Sinode 1997 (Acta 1997:176-177) is as kriteria gebruik in die evaluering van die aktiwiteite van die SARK. Volgens hierdie riglyne behels die uitleef van die ekumeniese roeping gesprekke aangaande die sigbare eenheid, profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, sowel as samewerking in soverre daar ‘n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word. Verder moet in elke voorkomende geval geoordeel word of betrokkenheid by samesprekings sinvol is, terwyl die lig van die Gereformeerde getuienis na vore gebring moet word deur die stel van ‘n duidelike Gereformeerde standpunt.

1.6.2 Die Deputate beoordeel die SARK aan die hand van hierdie riglyne as volg:

1.6.2.1 Die Deputate is van mening dat die SARK ‘n geleentheid bied tot die sigbaarmaking van die kerk van Christus, spesifiek in die teengaan van sosiale ongeregtigheid.

1.6.2.2 Die SARK is daarop gerig om getrou profeties vir die waarheid en teen die leuen te getuig. Hierin kan die GKSA, in samewerking met ander kerke van Gereformeerde Belydenis, ‘n waardevolle bydrae lewer, ‘n bydrae wat deur die leierskap van die SARK erken word. Die SARK bied ook geleentheid om hierdie getuienis direk tot die regering van die dag te rig, aangesien die SARK gemakliker toegang tot die owerhede kry.

1.6.2.3 Die stryd teen sosiale ongeregtigheid is deel van die roeping van die kerk van Christus en die SARK gee die GKSA die geleentheid om hierdie deel van sy roeping uit te leef.

1.6.2.4 Die Deputate is van mening dat die gesprekke waarvan die GKSA binne die SARK kan deel word, sinvol is – spesifiek ook gesien vanuit die multikulturele aard en samestelling van die GKSA.

1.6.2.5 Die SARK gee ook aan die GKSA die geleentheid om ‘n suiwer Gereformeerde standpunt oor sake tot ‘n baie groter gehoor te rig.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.6.2.5 kennis geneem.

1.7 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

1.7.1 In die lig van die riglyne en besluite van Sinode 1997 (vgl 1.2 hierbo), besluit die Sinode dat die GKSA vir volle lidmaatskap by die SARK aansoek doen ten einde sy profetiese roeping insake sosiale ongeregtigheid uit te leef.

Besluit: Afgekeur.

1.7.2 Die te benoeme Deputate moet vir sodanige lidmaatskap aansoek doen.

Besluit: Afgekeur.

1.7.3 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis.

Besluit: Goedgekeur.